


# KONGRES OPSOMMING

***5 & 6 AUGUSTUS 2026***

# PRESIDENTSREDE



**Francois Wilken**

Francois Wilken se presidentsrede was uiteindelik 'n pleidooi om die boer weer sentraal in die landbouwaardeketting te plaas. Sy boodskap was dat georganiseerde landbou, die staat, insetverskaffers en ander rolspelers hulself moet afvra of hulle werklik genoeg doen om 'n volhoubare, winsgewende en veilige omgewing vir die primêre produsent te skep.

**Die boer kan nie langer die risiko van die hele ketting alleen dra nie**

1. *Die boer se realiteit moet verstaan word*
   - Boere is onder toenemende druk en die landbousektor beleef ernstige uitdagings.

2. *Die boer is die fondament van die landbouwaardeketting*
   - Die boer en verbruiker is die twee belangrikste rolspelers in die waardeketting.
   - Sonder 'n boer is daar geen landbouketting nie; sonder 'n verbruiker is daar geen waarde nie.

3. *Wêreldmarkte en insetkoste plaas die risiko op die boer*
   - Boere is uitgelewer aan internasionale insetverskaffers en wêreldmarkte.
   - Geopolitieke en internasionale gebeure kan onmiddellik op die plaas se kostestruktuur weerspieël word.
   - Die boer het min tot geen beheer oor insetpryse, terwyl hy ook beperkte beheer oor die prys van sy produk het.

4. *Georganiseerde landbou moet nie die primêre produsent uit die oog verloor nie*
   - Georganiseerde landbou se fokus het oor tyd só na die staat verskuif dat die primêre produsent — die fondament van die bedryf — moontlik agtergelaat word.
   - Die kernvraag moet bly: **Doen ons genoeg om boere op hul plase te hou?**

5. *Infrastruktuur is 'n direkte bedreiging vir boerdery*
   - Swak paaie is 'n ernstige uitdaging vir Vrystaatse produsente.
   - Boere word dikwels gedwing om self paaie te herstel, wat uiteindelik deel van hul produksiekoste word.

6. *Vertroue en verteenwoordiging moet herstel word*
   - Daar is toenemende agterdog onder boere teenoor mense en strukture wat hulle verteenwoordig.

Klik op die skakel om Francois Wilken se volle presidentsrede te sien. YouTube

# SPREKERS



**Mnr Willie Aucamp**

Minister van Landbou

Die Minister van Landbou se boodskap het gefokus op die staat se vermoëns wat nie in silos kan plaasvind nie. Hy het beklemtoon dat die betrokkenheid van die privaatsektor en boerderygemeenskappe nodig is ten einde sukses te bereik, veral tov bek-en-klouseer (BKS).

Die Minister beklemtoon dat boere vertrou moet word om hul diere in te ent.

Ten slotte het die Minister aangedui dat die Nasionale Departmenet van Landbou druk op ander Departemente sal plaas om infrastruktuur en veiligheid aan te spreek.

Klik op die skakel om die Minister se volle boodskap te sien YouTube

**Brigadier Scharneck**

Provinsiale Hoof Proaktiewe Polisiëring

Die **onwettige jag met honde** en die impak daarvan op boere en hul eiendom is tydens die bespreking aangespreek, met insette van die SAPD, insluitend Brig. Sharnecke en Brig. du Preez.

Die SAPD bly gefokus op die implementering van die Nasionale Landelike Veiligheidstrategie (NLBS), ondanks uitdagings rondom hulpbronne en mannekrag.

Boere is aangemoedig om **formele klagtes** te lê wanneer polisiëring tekortskiet, insluitend gevalle waar polisiebeamptes versuim om hul pligte uit te voer of moontlik by misdaad betrokke is. Besonderhede van die Provinsiale Inspektoraat is weer aan boere beskikbaar gestel.

'n Belangrike ontwikkeling is dat die v**ervanging van die Veediefstalwet**, wat reeds lank uitstaande is, na verwagting binnekort vir openbare kommentaar beskikbaar gestel sal word. Intussen is opleiding van speurders en NVG-aanklaers oor die hantering van veediefstal reeds aan die gang, met Vrystaat Landbou se betrokkenheid.

# SPREKERS



**Dr David Gerber**

Dunevax BioTech

- Sedert Oktober 2025 was daar onsekerheid onder produsente oor die **bek-en-klouseer (BKS)**-inentingsproses en registrasie. Suid-Afrika het groot bedrae aan entstowwe bestee, maar die entstowwe moet steeds teen plaaslike BKS-stamme getoets word om die doeltreffendheid daarvan te bevestig.

- Daar is tans vier tipes entstowwe beskikbaar en behoorlike proewe ("trials") in gesonde diere is nodig voordat die entstowwe wyd gebruik word. Die vraag is dus nie net hoeveel entstof beskikbaar is nie, maar ook of dit effektief teen die virusstamme in Suid-Afrika is.

- Die Buffalo Analytics-stelsel, wat met die Departement van Landbou en veeartse geïntegreer is, stroomlyn die verspreiding en administrasie van Dunevax-entstof. Boere registreer op die stelsel, ontvang magtiging om in te ent, dui hul entstofbehoefte en veearts aan, en die vereiste vyfdagverslag word elektronies hanteer.

- Meer as 3 700 boere op meer as 6 000 plase is reeds geregistreer, met meer as 1,8 miljoen beeste wat vir inenting aangemeld is. Die stelsel het ook reeds meer as 5 miljoen bewegingspermitte gegenereer.

Die **kernboodskap** is dat BKS nie deur inenting alleen beheer kan word nie. Biosekuriteit, naspeurbaarheid, bewegingbeheer en siektetoesig moet saam met 'n geteikende inentingsprogram geïmplementeer word, met hoërisikogebiede as 'n prioriteit.

Klik **hier** vir Dr Gerber se voorlegging.



**Dr David Pretorius**

Buffalo Analytics

Dr Pretorius verduidelik hoe die stelsel van **Buffalo Analytics** werk om as bevoegte persoon te registreer ten einde kuddes self te ent.

Die stelsel kan op 'n selfoon afgelaai en geopen word by www.buffalo.vet

Klik op die skakel om die video van die lewendige demonstrasie tydens Kongres te sien. YouTube

# SPREKERS



**Piet le Roux**

Sakeliga

* **Kern boodskap**: Die infrastruktuurkrisis is 'n langtermyn uitdaging wat nie vinnig deur die staat alleen opgelos gaan word nie. Die landbou- en sakesektor sal toenemend moet saamwerk, self oplossings ontwikkel en hul kollektiewe invloed gebruik om 'n verskil te maak.

* Sakeliga se fokus: Tree op waar magswanbalanse bestaan en vra of sy betrokkenheid bydra tot die herstel van die ekonomiese orde.

* Die verval van paaie, spoorweë en ander noodsaaklike infrastruktuur is 'n langtermynkrisis wat dekades kan neem om om te keer.

* Die bestaande staatsgedrewe model het gefaal om infrastruktuur voldoende te onderhou.

* Die pad vorentoe: Die privaat sektor en gemeenskappe sal 'n groter rol moet speel waar die staat nie meer kan lewer nie.

Francois Wilken: Ondanks die uitdagings en moedeloosheid moet landbouers saamstaan, hul sterk stem gebruik en fokus op oplossings.



**Daniël Rautenbach**

Pointr Solutions

**Kernboodskap**: Die toekoms lê daarin om data sigbaar en bruikbaar te maak op 'n manier wat die individuele boer én die hele landboubedryf bevoordeel.

Data moet waarde skep: Data is slegs waardevol indien die boer en die bedryf daaruit voordeel kan trek.

* **Markgedrewe**: Ons moet bepaal wat die mark benodig en data so insamel dat dit werklike waarde skep, van die plaas tot die voerkraal en uitvoermark.
* **Naspeurbaarheid**: Data kan belangrik wees vir die naspeurbaarheid van vee, insluitend genetika en produksie-inligting.
* **Data-integriteit:** Akkurate, betroubare data is noodsaaklik; swak data het beperkte waarde.
* **Vertroue** is die grondslag: Data kan slegs effektief gedeel en benut word indien daar vertroue tussen rolspelers is.
* **Waarde moet gedeel word**: Almal wat data insamel en bydra, moet ook deel in die waarde en wins wat daaruit geskep word.

Klik **hier** vir die volledige voorlegging.

# SPREKERS



**Dr Gawie du Toit**

Faktor 2

* **Kernboodskap:** Winsgewende boerdery begin by 'n deeglike begrip en bestuur van jou koste — die boer moet sy syfers ken.

**Landboukennis en data**: Die rol wat onafhanklike data van onder meer die LNR en landbou-inspekteurs vroeër gespeel het word uitgewys, en die toenemende rol van private maatskappye vandag.

* **Winsgewendheid** is nie 'n nuwe uitdaging nie: Met meer as 40 jaar se ervaring in die mieliebedryf het hy gewys dat produsente reeds sedert die middel-1980's onder druk van dalende winsgewendheid was.
* **Koste** moet bestuur word: Hy het onder meer verwys na hoë kunsmispryse en onnodige insette as faktore wat winsgewendheid beïnvloed.
* Die boer moet sy **syfers** ken: 'n Voorbeeld van 'n graanboer wat R6 000 per hektaar verloor het, het gewys hoe belangrik dit is om alle koste deeglik te ontleed en te bestuur.
* Praktiese **kostebeplanning**: Deur 'n eenvoudige sigblad van belangrike kostes en uitgawes op te stel, kan produsente beter verstaan waar geld gemaak of verloor word.

Klik **hier** vir Dr du Toit se voorlegging.

# AGRI SA



**Derek Mathews**

Vise president: AGRI SA

AgriSA is 'n kollektiewe stem van georganiseerde landbou, waarin lede vanaf grondvlak mandate kan bepaal. Die organisasie fokus op vyf kernareas: arbeid, grondontwikkeling, ekonomie en handel, landelike veiligheid en natuurlike hulpbronne. AgriSA het ook in data-infrastruktuur belê om onder meer misdaad en grondeienaarskap beter te dokumenteer.

* Vrae is geopper oor lede se invloed en die mate waartoe AgriSA na die boer se stem luister, veral na aanleiding van die BKS-kwessie. Daar is beklemtoon dat 'n sterk, verenigde boerstem noodsaaklik is, maar dat dit deur sinvolle luister, konsultasie en samewerking bereik moet word.

* Francois Wilken het aangedui dat Vrystaat Landbou voortaan die belange en uitdagings van Vrystaatse boere self aktief sal aanspreek, eerder as om dit noodwendig na AgriSA te verwys.

# MOTIVERINGSPREKER



**Callie Roos**
Motiveringspreker

**Kernboodskap:** Ons kan nie nuwe probleme met ou denkpatrone oplos nie. Ons moet leer om anders te dink, beter te luister, interafhanklikheid te bestuur en van 'n "besluitnemer" na 'n fasiliteerder te beweeg.

- Verandering: Mense verander nie maklik nie. Ware verandering vereis 'n verskuiwing in hoe ons dink, nie net wat ons doen nie.

- Dialoog eerder as debat: Ons moet wegbeweeg van "reg of verkeerd" en eerder na mekaar luister om nuwe betekenis en moontlikhede te skep.

- Interafhanklikheid: Alles is verbind. Probleme moet binne die groter ekosisteem verstaan en hanteer word en nie in isolasie opgelos word nie.

- Bestuur variasie: Variasie — soos weer, reënval, grond, mense en markte — is deel van boerdery. Die doel is nie om variasie uit te skakel nie, maar om genoeg kapasiteit en buffers te skep om dit te bestuur.
  Praktiese voorbeeld – skraperbestuurders: Die tekort aan skraperbestuurders in die Vrystaat illustreer hoe regering, boeregemeenskappe en ingenieurs gesamentlik kapasiteit moet skep eerder as om net meer geld teen die probleem aan te gooi.

- Leierskap moet verander: Moderne leierskap gaan minder oor "ek het besluit" en meer oor fasilitering, luister, aanpasbaarheid en die skep van ruimte vir ander om by te dra.

- Moenie verandering vrees nie: Organisasies en individue moet bereid wees om met alternatiewe te eksperimenteer, nuwe stories te hoor en nuwe moontlikhede te skep.

- Fokus stroomop: Wanneer probleme ontstaan, moet die onderliggende oorsaak aangespreek word eerder as om slegs die gevolge stroomaf te probeer bestuur.

Klik op die skakel om Callie Roos se volledige gesprek te sien: YouTube

## LANDBOUVERENIGING VD JAAR 2026

Hoopstad Landbougenootskap

## STREEKVERTEENWOORDIGER VD JAAR 2026



Christo Doman
Streek 16

## WILLA GREEN TROFEE 2026 (JONGBOER)



Danielle de Kock
Streek 13

# VL KOMITEES

SEDERT 1904
VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

* **Rooivleis Forum:** Vrystaat Landbou het, na aanleiding van sy betrokkenheid by onder meer oorplaatjies, BKS, entstof en die hofsaak, besluit om 'n Rooivleis Forum te stig om die stem en belange van die primêre rooivleisprodusent sterker te verteenwoordig.
Die Forum sal fokus op winsgewendheid, volhoubaarheid en nalatenskap. Die Forum sal na verwagting binnekort geloods word en sal oop wees vir enige boer met diere om aan te sluit. Die doel is dat die rooivleisboer se stem van grondvlak af gedryf word.
Veediefstal sal steeds deur VL se Landelike Veiligheidskomitee aangespreek word. Opvolggesprekke met die RPO sal gevoer word om samewerking en betrokkenheid te verseker.

* **Struktuur:** Die kantoor in Bloemfontein funksioneer as 'n verlengstuk van 'n Boerevereniging (BV). Insette van BVs is van kardinale belang. Neem vrymoedigheid om instruksies, gedagtes en insette deur te gee. Ons het mandate nodig om dit bekom en deur te gee na die lede toe.
Kongres in sitting is die Hoogste gesag van die organisasie. Vrystaat Landbou fokus hoofsaaklik op 6 komitees, nl Kommersieel, Landelike ontwikkeling, Arbied, Jongboere, Finansies en Landelike Veiligheid.

* **Landelike Veiligheid:** Terugvoer is verskaf oor 2025 se landelike veiligheidsaksies, insluitend plaasaanvalle en -moorde, veediefstal, mieliediefstal, koperdiefstal, die hersiening van die NLBS, studies en veiligheidsriglyne, gebeurlikheidsbeplanning en misdaadontledings.
Daar is ook gefokus op opleiding vir boere deur LGV, veediefstal, onwettige jag met honde en NVG-/staatsaanklaers, asook samewerking met die SAPD, SANW en Lesotho. Tegnologie, selfoonnetwerke, Rural Rangers, media-skakeling en trauma-ondersteuning vorm deel van die verdere landelike veiligheidsmandaat.
Kernfokus: versterking van veiligheid, opleiding, samewerking, tegnologie en data om misdaad in landelike gemeenskappe beter te voorkom en te hanteer.

* **Kommersieel & Natuurlike Hulpbronne-komitees:** Werk saam met AgriSA en fokus op rampe en brande, peste, water, mynbou en klimaatsverandering, asook samewerking met die Brandbeskermingsvereniging.
    - Waterregte: Boere ervaar uitdagings met die beskerming en betaling van waterregte, asook foutiewe waterrekeninge. VL is in gesprek met die Departement van Waterwese om probleme aan te spreek.
    - Grondbewaring: VL spreek grondbewaringskwessies aan, onder meer in gesprekke oor CARA-wetgewing met die Departement van Landbou.
    - Eskom en sonkrag: Boere met sonkragstelsels moet aandag gee aan registrasie teen 30 September 2026, met spesifieke reëlings vir stelsels onder 50 kW. Eskom het aangedui dat ongemagtigde of ongeregistreerde stelsels geïdentifiseer en moontlik beboet sal word.

  Kernfokus: Die beskerming van boere se water-, grond- en energiebelange, terwyl VL voortgaan om namens produsente met die betrokke staatsinstellings te skakel.

# VL KOMITEES (VERVOLG)

**Landbou ontwikkeling:** Help nuwe boereverenigings, veral tov opkomende boere, PIE wet, Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, Nasionale Landelike Ontwikkelingsindaba, praat met Maluti PALS wat 'n model het tov opkomende boere, probeer lede help wat gekonfronteer word met nuwe grondeise wat nie wettig is nie, mediasie met AFASA , beskerming van grondregte, bevorder Landbou opleiding en nuwe boer ontwikkeling met Universiteit en Technikon, bemagtig lede vir plaaslike regering beïnvloeding.

**Jongboer komitee:** Mandate – lede groei, sigbaarheid en betrokkenheid. VL bied jaarliks die Jongboer van die jaar-kompetisie en konferensie aan. Dit is ook om die jongboere bewus te maak van VL en sien wat word gedoen. Tans besig met inspirasie videos van boere wat geloods word van boere wat in hul gemeenskappe 'n inspirasie kan wees vir ander, wat ook 'n inspirasie kan wees vir opkomende boere.
Die Jongboer komitee is ingedeel in die komitees van VL. Doen 'n beroep op die boere dat as daar 'n jong boer is wat betrokke wil raak by VL of die bestuur daarvan, laat hom toe om dit te doen.

# AFSLUITING



**Francois Wilken**
President, Vrystaat Landbou

**Kernboodskap**: VL sal voortgaan om die realiteite van sy lede aan te spreek, proaktief op te tree en die belange van Vrystaatse boere te beskerm — maar het die steun en betrokkenheid van sy lede nodig.

Vrystaat Landbou het die afgelope jaar op verskeie belangrike sake gefokus en is volgens die organisasie op die regte pad. Met nuwe leierskapverkiesings wat volgende jaar voorlê, word lede aangemoedig om betrokke te bly.

## BORGE

- KONGRES HOOFBORG:
- AANDFUNKSIE HOOFBORG:
- SILWER:
- BRONS: